Keuring en registrasie

Bron: Webredakteur
Datum: 26 Junie 2007

Die SABT waak oor, en streef met trots na die daarstelling van standaarde om die Boerboelras te verbeter en te bevorder. Die Vereniging se Grondwet verskaf omvattende riglyne wat lede kan navolg om hierdie doelwitte te bereik.

Een van die mees algemene wanvoorstellings is wanneer Boerboelhondjies as 'geregistreer' geadverteer word. Baie voornemende kopers weet nie dat die SABT 'n Boerboel slegs sal registreer nadat hy op eie meriete - nie sy stamboek nie - beoordeel is. Die SABT se aanbevole ouderdom vir sodanige beoordeling (keuring) is 18 maande, maar honde van 12 maande word ook vir keuring aanvaar.

Om vir keuring te kwalifiseer moet 'n hond 'n geboortesertifikaat hê. Dit moet nie met die uiteindelike registrasiesertifikaat verwar word nie. Op die advies van die SABT, sal verantwoordelike telers ook nie geboortesertifikate vir hondjies uitreik wat duidelik nie aan die rasstandaard sal voldoen nie.

Die geboortesertifikaat bevat stamboekinligting oor vyf geslagte. Hierdie inligting word egter nie aan keurders tydens keuring voorgelê nie. Hulle taak en fokus is om te bepaal of die hond oor die kwaliteite beskik om die minimumpunt van 75% te kry om as 'n Boerboel geregistreer te word. Honde wat 85% of meer kry, kwalifiseer vir opname in die SABT-stoetregister. Die Vereniging stel dit ook onomwonde dat daar nie met honde wat minder as 75% behaal geteel moet word nie. Hulle nageslag kan in elk geval nie geregistreer word nie. Telers wat ‘n reun van ‘n ander teler gebruik, moet op ‘n dekkingsertifikaat aandring.

Tydens keuring word 'n hond deur twee of drie keurders (een moet senior status hê) geëvalueer. Dit word streng volgens die amptelike keurkaart, gedoen. Hierdie keurkaart lys nie minder nie as 12 hoofkategorieë en 72 eienskappe wat beoordeel moet word.

Die meer omvattende kontrolekaart, gelees saam met die terminologieskets, kan eienaars ook help om die keurproses beter te verstaan en hul eie honde vooraf daaraan te probeer beoordeel.

Die SABT bied regdeur die jaar keuringsdae in Suid-Afrika, sowel as in die VSA en Europa, aan. Nuwe Boerboeleienaars mag baie daarby baat om so 'n dag by te woon voordat hulle hul eie honde laat keur. Dit bied ook die ideale geleentheid om ander eienaars en telers te ontmoet.

Verwys na Programme vir die datums van keuringsdae, sowel as vir die huidige jaar se uitslae. Die vorige jaar se uitslae verskyn onder Results. Uitslae bied waardevolle inligting oor hoe die nasate van die verskeie Boerboelstoeterye tydens hulle keurings presteer het.